Wes-Kaapse Regering

Onderwys

Direktoraat: Kurrikulumontwikkeling AOO

Verwysing: 20190111-201
Lêernommer: 12/2/11/9
Navrae: A du Toit

Kurrikulum AOO-minuut: DCG 0002/2019

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Hoofde: Kurrikulum-ondersteuning, Kringbestuurders, Adjunk-hoofonderwyskundiges, Grondslagfase-vakadviseurs, Prinsipale en Departementele Hoofde van gewone openbare skole

**Onderwerp: Primêre skool lees intervensie in Eerste Addisionele Taal**

1. Die Departement van Basiese Onderwys (DBO) het, in samewerking met *die National Education Collaboration Trust (NECT)*, 'n Primêre Skool Lees Intervensieprogram *(PSRIP EFAL)* vir Eerste Addisionele Taal (EAT) in 2017 ingestel. Die doel van die program was om lees en begrip in EAT in die Grondslagfase te versterk.

2. In 2017 is die *PSRIP EFAL* deur die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) in 76 skole binne die 100-skoleprojek (fase 1) regoor ses distrikte ingevoer. Die program is in 2018 na 'n addisionele 29 skole in die oorblywende twee distrikte uitgebrei.

3. In 2019 sal die DBO, in samewerking met die *NECT,* die program by 'n addisionele 84 skole in die Grondslagfase invoer. (Kyk Bylae A.)

4. Hierdie minuut dien om skole in kennis te stel dat hulle in fase 2 van die program ingesluit sal word.

5. *EFAL*-opleiding vir fase 2-skole sal gedurende Januarie tot en met 20 Februarie 2019 en weer in Julie tot en met Augustus 2019 plaasvind.

6. Die duur van die opleiding is ongeveer twaalf uur per opleidingsessie. Alle onderwysers wat Eerste Addisionele Taal in die Grondslagfase onderrig, moet die opleiding bywoon. 'n Afsonderlike opleidingsessie sal vir alle lede van die skoolbestuurspan (SBS) aangebied word om hulle oor die program te oriënteer.

7. Distrikte sal die datums en plekke vir hierdie opleiding vroegtydig kommunikeer.

Laer Parlementstraat, Kaapstad, 8001
Tel: +27 21 467 2172 Faks: +27 21 483 7658
Veilige Skole: 0800 45 46 47

Privaatsak X9114, Kaapstad, 8000
Indiensnemings- en salarisnavrae: 0861 92 33 22
www.westerncape.gov.za

8. Vir enige verdere inligting, kontak asseblief die betrokke distrik se Grondslagfase-koördineerder:

| Distrik | Koördineerder | Tel. | E-pos | Faksnr. |
|---|---|---|---|---|
| Metro-Noord | Jenny Daniels | 021 938 3044 | Jennifer.Daniels@westerncape.gov.za | 086 666 0875 |
| Metro-Sentraal | Juanita Van der Merwe | 021 514 6773 | Juanita.Vandermerwe@westerncape.gov.za | 086 402 3087 |
| Metro-Suid | Vanessa Williams | 021 370 2025<br>083 309 1383 | Vanessa.Randelhoff@westerncape.gov.za | 086 6995479 |
| Metro-Oos | Marie Engelbrecht | 021 900 7191 | Marie.Engelbrecht@westerncape.gov.za | 086 556 9519 |
| Weskus | Michelle Delport | 021 860 1590<br>060 508 8305 | Michelle.Delport@westerncape.gov.za | 086 275 1685 |
| Kaapse Wynland | Diana Niemand | 023 348 4606 | Diana.Niemand@westerncape.gov.za | 086 531 0476 |
| Overberg | Lynn Le Grange | 028 214 7378 | Lynn.Legrange@westerncape.gov.za | 028 214 7400 |
| Eden en Sentrale Karoo | Nelmarie Kriel | 044 803 8300 | Cornelie.Kriel@westerncape.gov.za | 86 678 7171 |

9. Prinsipale word versoek om hierdie minuut onder die aandag van alle graad 1- tot 3-onderwysers te bring wat by die onderrig van EAT betrokke is.

**GETEKEN:** PAD BEETS
**ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR**
**DATUM:** 2019-01-26

## ANNEXURE A: WESTERN CAPE 2019 NECT PSRIP SCHOOLS

| METRO DISTRICTS | RURAL DISTRICTS |
|---|---|
| **CENTRAL** | **CAPE WINELANDS** |
| 1. MANENBERG PS<br>2. EASTER PEAK PS<br>3. SAAMBOU PS<br>4. VOORSPOED PS<br>5. WD HENDRICKS PS<br>6. SENTINEL PS<br>7. KLIPFONTEIN PS<br>8. ATHWOOD PS<br>9. DAGBREEK PS<br>10. RIO GRANDE PS<br>11. RED RIVER PS<br>12. NERINA PS<br>13. MONTANA PS<br>14. KALKSTEENFONTEIN PS<br>15. SONDEREND PS<br>16. MORGENSON PS<br>17. SUMMIT PS<br>18. DOWNEVILLE PS | 1. VICTORIA PARK PS<br>2. WORCESTER RC PS<br>3. RIVERVIEW PS<br>4. ESSELENPARK PS<br>5. AMSTELHOF PS<br>6. EBENEZER PS<br>7. PAARLZICHT PS<br>8. NEW ORLEANS |
| **EAST** | **EDEN & CENTRAL KAROO** |
| 1. WESBANK NO. 1<br>2. RAINBOW PS<br>3. HOOFWEG PS<br>4. BOTTELARY PS | 1. MELKHOUTFONTEIN PS<br>2. PANORAMA PS<br>3. VOLSCHENK PS<br>4. VOORWAARTS PS<br>5. BERGSIG PS<br>6. DE VILLIERS PS<br>7. COLRIDGE PS |
| **NORTH** | **OVERBERG** |
| 1. EUREKA PS<br>2. UITSIG PS<br>3. TYGERSIG PS<br>4. RANGE PS<br>5. ELNOR PS<br>6. ELSWOOD PS<br>7. BELLVILLE SOUTH PS | 1. DENNEGEUR PS<br>2. MAXONIA PS<br>3. GRABOUW HS<br>4. GANSBAAI PS<br>5. GANSBAAI LS<br>6. HAWSTON PS<br>7. SWARTBERG PS |

| | |
|---|---|
| 8. KASSELSVLEI PS<br>9. ALPHA PS<br>10. ATTIE VAN WYK PS<br>11. BLUE MOUNTAIN PS<br>12. THE VALLEY PS<br>13. HILLSIDE PS<br>14. RIVERTON PS<br>15. VALPARK PS<br>16. PELLA PS<br>17. MAMRE PS | 8. RIVIERSONDEREND HS<br>9. RIVIERSONDEREND PS<br>10. OVERBERG PS<br>11. DE VILLIERS GRAAFF PS<br>12. BEREA PS |
| **SOUTH** | **WEST COAST** |
| 1. UKHANYO PS<br>2. SAMORA MACHEL PS<br>3. LIWA PS<br>4. LINGE PS<br>5. KUYAKHANYA PS<br>6. JOHN PAMA PS | 1. ST MICHAELS SCHOOL<br>2. MEIRING PS<br>3. BRANDENBURG PS<br>4. CARL SCHREVE PS<br>5. KORINGBERG PS<br>6. ST HELENABAAI PS<br>7. MIDDELPOS PS<br>8. JURIE HAYES PS<br>9. AUGSBURG AGRICULTURAL GYMNASIUM<br>10. PAARDEKOP PS<br>11. MASKAM PS<br>12. KLEINRIVIER PS |